

GRAAD 1 ALLEENLIK MOET VOLTOOI

SIFTINGSPROGRAM 2018

TOESTEMMING OM SIFTINGSTOETSE TE ONDERGAAN

(U rekening sal met die bedrag per toets, wat u kind ondergaan, gedebiteer word.)

1. **Visuele toets ('n Nominale fooi van R25)**
2. **Gehoortoets (R60)**
3. **Spraak-, Taal- en Fonologiese Bewustheidstoetse (R70)**
(Die klasopvoeder, sal indien nodig, hierdie toets aanbeveel.)

Naam van Ouer(s) / Voog:

Naam van Kind:

Het u kind voorheen 'n visuele toets ondergaan?

Indien wel, waar en wanneer is u kind geëvalueer?

.....

Is u kind se gehoorvermoëns voorheen geëvalueer?

Indien wel, wanneer en deur wie?

Het u kind voorheen spraakterapie ontvang?

Indien wel, deur wie?

Wat is u kind se spraakprobleem?

.....

Ontvang u kind tans spraakterapie?

.....

Ek,, gee toestemming dat my kind,,
die bogenoemde siftingstoetse ondergaan.

Geteken:

Datum:2017

SIFTINGSPROGRAM – SPRAAK-/TAALTERAPIE

Geagte Ouers

Waarom moet 'n siftingstoets uitgevoer word?

Dit is 'n erkende feit dat vroeë intervensie 'n beter prognose vir herstel aandui. Hoe gouer 'n probleem geïdentifiseer word, hoe vinniger kan dit aangespreek en opgelos word.

Daar word twee siftingprosedures vir Gehoor-, Spraak- en Taalontwikkeling by die skool, aan graad 1 leerders gebied.

- gehoorsifting
- Sifting van Spraak/Taalvermoëns (reseptief en ekspressief) asook Fonologiese Bewustheidstoets.

Wat behels die Gehoorsiftingstoets?

Die toets duur ongeveer 10 minute. Daar word van 'n draagbare oudiometer met oorfone, gebruik gemaak. Elke leerder word individueel getoets. Die leerder moet aandui of hy/sy die reeks klanke hoor. Die toets word in 'n baie stil kamer uitgevoer, dit is egter nie 'n klankdigte omgewing nie.

Indien u kind goed in die gehoorsiftings toets vaar, sal u 'n brief met die betrokke resultate ontvang. Geen verdere behandeling sal nodig wees nie.

Wat gebeur indien u kind swak presteer in die siftingstoets?

Indien u kind nie goed in die gehoorsiftings toets vaar nie, sal u skriftelik asook per epos in kennis gestel word. Verdere toetsing, in 'n klankdigte kamer, sal dan aanbeveel word.

Wat behels die Spraak/Taal en Fonologiese Bewustheidstoets?

Hierdie toets duur ongeveer 25 - 30 minute en elke leerder word individueel getoets. Die leerder word deur die opvoeder verwys indien sy/hy dit nodig mag vind.

Die resultate van die siftingstoets sal dan met u kind se opvoeder bespreek word. Indien u kind goed in die bogenoemde siftingstoets vaar, sal u 'n brief met die resultate ontvang. Indien u kind nie goed vaar nie en 'n leemte in een of meer van die aspekte van ontwikkeling toon, sal u 'n brief ontvang, waarin 'n onderhoud met u aangevra word. Die konsultasie duur ongeveer 30 minute, die koste daarvan beloop R60,00. Die resultate sal dan bespreek word en sekere aanbevelings sal gemaak word.

Vriendelike groete

Helen Kempton-Jones
Spraak, Taal en Gehoorterapeut

VISUELE TOETS

Geagte Ouers

VISUELE SIFTINGSTOETS

U kind en sy/haar vordering is vir ons van groot belang. Leerders onderpresteer dikwels as gevolg van leemtes in visuele vaardighede. Al die Graad 1 leerders gaan 'n visuele/gesigsskerpte-siftingstoets ondergaan. Hierdie toets word deur 'n gespesialiseerde oogkundige van Kenridge Oogkundiges gedoen. Dit word aanbeveel dat u kind jaarliks 'n oogsiftingstoets ondergaan.

Die volgende aspekte sal aandag geniet:

- * Visie in een of beide oë
- * Beheer oor oogbewegings
- * Konvergensie probleme
- * Diepte persepsie
- * Rooi/Groen kleurafwyking

Indien enige probleme geïdentifiseer word, sal u 'n verslag ontvang en aanbevelings sal gedoen word. Kenridge Oogkundiges lewer hierdie diens teen 'n nominale fooi van R25 aan ons skool.

Ons maak staat op u samewerking in die belang van u kind.

Vriendelike groete

S. R. Smith (Mev.)
Skoolhoof

K. E. Grace (Mev.)
Hoof: Grondslagfase